**Dinsdag 17 Oktober**
**Skrifgedeelte: Lukas 6:27-36**
**Fokusgedeelte: Lukas 6:27**
**Wanneer dit moeilik is om lief te hê**

Die meerderheid van ons het al te doen gehad met onregverdige behandeling in die werkplek. Dit maak ’n mens kwaad wanneer ander daarop uit is om jou lewe moeilik te maak. Dit is frustrerend wanneer ander beter en met meer respek as jy hanteer word. Dit is uitdagend wanneer jou werkgewer duidelik nie ’n gelowige is nie en ook nie goeie waardes uitleef nie.

Tog is dit die situasie waarin die Here ons plaas om die geloof wat Hy in ons harte geplaas het, uit te leef. Jesus het nooit gesê dat ons lewens maklik gaan wees nie. Inteendeel, ons lees hier dat ander ons sal haat, beledig, seermaak en besteel.

Hoe verwag die Here moet ons dan lewe, veral in die daaglikse uitdagings wat ons by ons werksplekke in die gesig staar? Hy verwag die onmoontlike van ons. Hy verwag dat ons ons vyande moet liefhê. Hy verwag dat wanneer ons sleggesê word, ons in liefde teenoor daardie persoon moet optree.

Menslik gesproke klink hierdie onmoontlik. Maar wanneer ons op die Here se krag en bystand deur sy Heilige Gees staatmaak, word ons toegerus om die onmoontlike reg te kry en ander lief te hê sonder enige voorvereistes – soos wat God ons ook in die eerste plek liefgehad het sonder enige voorvereistes. In Romeine 12:20 brei Paulus uit op Jesus se woorde. Hy sê daar dat wanneer ons ons vyande of die wat ons wil leed aandoen, in hulle nood bystaan, hulle diegene is wat op die ou end skaam is en besef dat hulle verkeerd opgetree het.

Lewe dus vandag God se liefde uit. Nie net teenoor jou naaste nie, maar ook teenoor jou vyand. En onthou dat die Here altyd daar is om ons deur sy Gees by te staan in hierdie uitdagende situasies.

*Sing: Psalm 34-1:1*

*Ds. JA Linde (Jaco) (Witrivier)*